
AMELIA GENIS agenis@landbou.com




Waardetoevoeging laat kanola blom

Die reuse-spronge wat kanolaproduksie sedert 2010 gemaak het, het Suid-Afrika se enigste verwerkingsaanleg genoodsaak om sy planne vir uitbreiding só te versnel dat hy elke jaar groter oeste kan verwerk. Dié optimisme is ook 'n mosie van vertroue in Kaapse boere.

Miljoene kanolapitte stroom soos 'n swart gordyn van 'n graanlorrie se bak oor 'n reeks siwwe wat die grofste onsuiwerhede verwyder. Kort vantevore is monsters uit die vrag getrek en binne minute verskyn 'n volledige ontleding op 'n rekenaarskerm.

LIGGING

Swellendam, Wes-Kaap



KORTOM

- Die kanolaverwerker moes uitbreidingsplanne versnel om vir Suid-Afrika se snelgroeiende kanola-oes voorsiening te maak.
- Hoë gemiddelde opbrengste en 'n gunstige prys maak kanolaverbouing vir boere besonder winsgewend.
- Die mark is groot vir eetbare kanola-olies, oliekoek vir vee, mayonnaise en spesiale oliemengsels.

Dít is die eerste stappe op kanola se pad na eetbare olie en oliekoek vir veevoer. Nadat die kanola deur 'n reeks fyner siwwe gegaan het, word dit gedroog en opgeberg, sê mnr. Kellie Becker, besturende direkteur van Southern Oil Bpk. (Soill) op Swellendam. "Tydens opberging is baie spesifieke deurlugting en die monitering van temperatuur noodsaaklik."

Soill neem van Oktober tot Desember kanola in en pers dit deur die jaar om sy klante deurlopend te voorsien. Die pitte gaan eers deur 'n meganiese pers, dan deur 'n chemiese ekstraksieproses. As die olie ontgom en geraffineer is, word dit aan 'n reeks streng voedselveiligheids- en stabiliteitstoetse onderwerp voordat dit gebotteleer word.

Nadat Soill van 2010 tot 2012 elke jaar 20 000 ton kanola méér moes verwerk, moes hy verlede jaar 'n "sprong" van meer as 30 000 ton hanteer. Becker sê die eerste aanduidings wat hulle van dié groei verlede jaar gekry het, was met die kanolabedryfskomitee se vergadering in Januarie toe die beoogde aanplantings bekend gemaak is. "Ons het toe begin voorsorg tref vir opbergingsplek deur ons langtermynplan om kapasiteit te skep, te versnel."

Hulle moes, want Soill is die enigste verwerkingsaanleg vir kanola-olie in Suid-Afrika.

OPBRENGSTE

Buiten dat boere meer kanola aangeplant het, het opbrengste meestal verwagtinge oortref. Die groot oes word toegeskryf aan 'n lang groeityd met reën en koue wat tot laat in die jaar aangehou het, sê Becker.


Vandat kanolaproduksie in 2010 so snel begin toeneem het, het Soill sy verwerkingskapasiteit vergroot om tred te hou daarmee. By die aanleg op Swellendam is die jaarlikse kapasiteit 165 000 ton. Hulle het verlede jaar 'n nuwe pers geïnstalleer en bottelnekke in die voorbereidingsfase uitgeskakel. Hulle is op die oomblik besig met opgraderings van die chemiese ekstraksie-aanleg om die laaste struikelblokke daar ook uit te skakel.

Soill besit ook 'n klein verwerkingsaanleg op Moorreesburg. Dit bestaan uit 'n koue pers met 'n kapasiteit van 4 000 ton saad per jaar. Proteïenmengsels, wat aanvullend tot die maatskappy se oliekoek aan die veevoerbedryf verskaf word, word daar vervaardig.

Hoewel dit in dié stadium nog voordelig is om die Swellendam-aanleg te vergroot, kan hulle maklik die aanleg op Moorreesburg

Vir boere in die Swartland was 2013 die jaar waarin kanola koring geklop het.





HOOFFOTO: Wanneer 'n vrag kanola by Southern Oil (Soill) se verwerkingsaanleg op Swellendam aankom, word vyf monsters getrek om 'n volledige ontleding van vog- en vreemde materiaal te doen.

INLAS LINKS: Mnr. Kellie Becker, besturende direkteur, en me. Vera van Leeuwen, bestuurder van menslike hulpbronne, by Soill.

HEEL BO: Southern Oil het 'n botteleringsaanleg op die perseel.

REGS BO: Soos 'n swart gordyn stroom miljoene kanolapitte van 'n graanlorrie se bak af oor 'n reeks siwwe wat die grofste onsuiwerhede verwyder.

BO: Gesofistikeerde toerusting gee binne minute die olie-, vog- en proteïeninhoud, asook die vetsuurprofiel en persentasie vrye vetsure (% FFA) van elke vrag kanola wat by Soill se verwerkingseenheid gelewer word.

groter maak. "Ons kan die aanleg wat ons op Swellendam vervang het, op Moorreesburg oprig om ons totale verwerkingskapasiteit tot 200 000 ton te verhoog. As dit nie voldoende is nie, moet ons daar dupliseer wat ons op Swellendam het."

VERBETER GERIEWE

Die groeiende kanolaproduksie stel nie net eise aan Soill se verwerkingskapasiteit nie, maar ook aan ander geriewe wat dit vir kanolaboere moontlik maak om hul produk sonder probleme in hul onmiddellike omgewing te lewer. Vir die Swartland het hulle saam met die landbou-ondernemings Kaap Agri opbergingsgeriewe by Halfmanshof en Klipheuwel ingerig. Vanjaar sal hulle Malmesbury insluit.

In die Suid-Kaap het hulle silo's by Krige en Klipdale opgerig. Becker sê dit sal die hantering van kanola makliker en goedkoper maak en verseker dat dit op die regte manier opgeberg word. "Kanola het silo's met skoonmakers, deurlugting en temperatuurmonitering nodig," sê Becker. "Omdat kanola se weerstand teen lugvloei aansienlik groter as dié van ander graan is, het dit baie spesifieke deurlugtingsvereistes."

VOORSPOED

'n Driekwart van Soill se jaarliks omset van R700 miljoen kom van die verkoop van kanola-olie en -oliekoek, terwyl die res uit die bereiding van ander oliemengsels kom. Goeie bestuur, groei in die verskaffing van kanola en herkapitalisering deur finansiering van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK) het die aanleg 'n paar jaar gelede op 'n groei- en winspad geplaas. Trouens, prof. Nick Vink, hoof van die departement landbou-ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch, sê die maatskappy is 'n voorbeeld van die tipe aanlegte en ondernemings wat op die platteland opgerig moet word.

Becker sê hulle is baie trots op die manier waarop die maatskappy waarde terugploeg in kanolaproduserende gebiede. Sentraal-Suid-Koöperasie het 'n belang van 60% in Soill, 'n werkerstrust besit 18% van die aandele in Soill en 'n ontwikkelingstrust besit 10%. Laasgenoemde trust is opgerig tot voordeel van permanente werkers op plase wat in drie opeenvolgende jare 50 ton kanola of meer gelewer het. Daar is redelik waarde in die trust en die gedagte is om byvoorbeeld studiebeurse aan werkers se kinders toe te ken.

Hoë gemiddelde opbrengste en 'n gunstige prys maak kanolaverbouing vir boere besonder winsgewend. Boonop is daar 'n verwerker wat hul produk nodig het, sê mnr. Adriaan Steyn van Wankie-boerdery tussen Swellendam en Heidelberg. Vir hom hou kanola vele voordele in. "Dis 'n wonderlike wisselbougewas wat minder risiko as moutgars het. Dit veroorsaak dat ons op die duur graan meer volhoubaar kan produseer."

Hy sê kanola is 'n volwaardige kontantgewas en hulle het die bestuurspraktyke daarvan onder die knie. Die droë weer vroeg in die seisoen het die kanola gesond gehou, terwyl die koeler weer in die tweede helfte van die jaar daartoe bygedra het dat die meeste boere sowat 2 ton/ha geoes het.

Kanolaverbouing het in die Suid-Kaap begin, maar deesdae kom amper 20% van die kanola uit die Swartland. Vir boere dáár was 2013 die jaar waarin kanola koring geklop het.

Mnr. Isak Smit van die plaas Sorgvliet, by Eendekuil, het gemiddeld 2,3 ton/ha geoes. "Ek meen ons het vanjaar almal beter gevaar met kanola as met koring. Die pitgrootte was mooi omdat die kanola nooit vogstremming gehad het nie."

Verbeterde kultivars help ook. "Die nuwe triasienbestande kultivars het 'n groot opbrengspotensiaal, oes maklik en val nie om nie," sê Smit.

Mnr. Niekie Mouton van die plaas Uitvlugt, Eendekuil, sê kanola het 'n volhoubare wisselboustelsel met koring en lupiene moontlik gemaak. Hy meen ook kanolakultivars het mettertyd meer "sandvriendelik" geword sodat hulle in die Eendekuil-omgewing ook goeie opbrengste daarmee behaal.

RUIMTE VIR GROEI

Soill produseer 'n reeks eetbare kanola-olies wat hulle regstreeks aan die kleinhandel verkoop, en oliekoek vir die veevoermark. Die maatskappy beoog om eersdaags mayonnaise beskikbaar te stel. Daarbenewens vermeng hy vir kliënte spesiale oliemengsels.

Daar is ruimte vir groei as 'n mens na vraag en aanbod kyk, sê Becker. Meer as die helfte van die 1,24 miljoen ton eetbare olies wat jaarliks in Suid-Afrika verbruik word, word ingevoer.

Supermarkte beskou kanola-olie in dié stadium as 'n nis-olie, maar die basiskoste regverdig nie die premie wat hulle op die prys vra nie. Becker sê hulle doen stappe om kanola-olie goedkoper aan verbruikers beskikbaar te stel. Met strategiese bemarking wil hulle kanola-olie verander van 'n nisproduk tot die eetbare olie op almal se winkellysie.

Becker sê hulle is besig met 'n projek om die naspeurbaarheid van kanola moontlik te maak. "Dit gaan oor chemiese residue. Ons wil weet presies wat is toegedien, en as ons residue waarneem, wil ons weet waar die kanola vandaan kom.

"Dis 'n reuse-projek, maar ons vorder. Die grootste struikelblok is die beskikbaarheid van geregistreerde middels, maar ons kry goeie samewerking van Graan SA en die Registrateur van Wet 36 van 1947." LBW